Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-05-20

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 13/2022

AKADEMIE

Personeelaanstelling: Me. Cheyyann Burton is aangestel as die nuwe Gr. 1.3 klasonderwyser in die plek van mev. Mari Oosthuizen wat aan die einde van April, weens gesondheidsredes, bedank het. Ons is opgewonde oor juf. Cheyyann se aanstelling en verwelkom haar by die Stulting-familie. Sy het reeds op 9 Mei begin.

Grondslagfase Warrior Race en Ope Week: Ons jaarlikse Warrior Race vir 4- tot 7 jariges word Saterdag (21 Mei) op die rugbyveld gehou. Die verrigtinge begin reeds om 09:30. Ons nooi dus alle vriende van die skool uit om te kom deelneem.

Die *Ope Week* vind van Maandag 23 Mei tot Donderdag 26 Mei plaas. Voornemende ouers word uitgenooi om op een van hierdie dae die skool tussen 09:00 en 12:00 te besoek en te kom kyk wat ons in die Grondslagfase by die skool doen.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Boekuitstalling: African Books hou op 25 en 26 Mei hul boekuitstalling in ons skoolsaal. Leerders sal tydens die skooldag geleentheid kry om die boekuitstalling te besoek. Ouers kan die boekuitstalling ook in die saal tussen 09:00 en 14:30 besoek (toegang deur die skoolkantoor).

Eksamen Gr. 4-7: Ons Gr. 7- leerders skryf van 1 tot 15 Junie eksamen. Gr. 4-6- leerders skryf van 3 tot 13 Junie eksamen. Alle leerders sal vanaf 1 tot 15 Junie om 12:00 verdaag. Die normale akademiese program en skoolure hervat weer op Maandag 20 Junie.

SPORT

Toeskouers by wedstryde: Baie dankie aan elke ouer (toeskouer) wat ons spelers ondersteun wanneer hulle aan interskole wedstryde deelneem. Dit is beslis ‘n voorreg om na twee jaar van geen sport nou weer langs die bane en velde ons kinders te mag aanmoedig. Spankeuses word deur die afrigter gedoen, en in sommige spanne word spelers roteer om almal ‘n geleentheid te gee om te kan speel. Dankie dat u hierdie besluite respekteer.

Ons verstaan die frustrasie wat “swak” beslissings van skeidsregters tot gevolg mag hê. Ons doen egter ‘n beroep op ouers om nie skeidsregters en afrigters openlik langs die bane en velde te kritiseer nie. Volg asb. die korrekte kanale van kommunikasie deur eerstens beleefd met die afrigter te gesels en sy / haar motivering vir besluite aan te hoor. Indien u steeds nie tevrede is nie, kontak dan die Fasehoof van Sport en dan die Skoolhoof.

Skaak: Bruce Myburgh, SW Roux, Aldu Schreuder en Ruben Mouton neem op Vrydag 20 Mei aan die Sarah Baartman Skaakproewe vir o/13 leerders deel. Thinus Le Keller het deelgeneem aan 'n CHESSA gegraadeerde skaaktoernooi. Hy het 5 rondtes gespeel en het 4/5 gewen. Hy het 'n 2de plek behaal in die juniorliga.

OP Rugby: Qobo Hulana is gekies om aan die finale OP proewe deel te neem. Die proewe vind op 27 en 28 Mei in Worcester plaas.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Sportwedstryde teen Laerskool Gill en Cradock: Verskeie spanne neem op 27 en 28 Mei deel aan wedstryde teen Laerskool Gill en Cradock. Die spanne vertrek reeds vroeg Vrydagoggend. Weens verskeie personeel wat ook op hierdie dag die spanne vergesel sal alle leerders wat nie toer nie reeds om 12:00 verdaag

KULTUUR

ATKV: Die volgende leerders gaan tydens die ATKV semi-finale rondte in Port Elizabeth wat op 28 Mei plaasvind, deelneem. Amé Spangenberg, Amoné Jacobs en Melita Steyn.

Despatch Kunsfees: Ons is baie trots op elkeen van ons leerders wat op 5 Mei deelgeneem het aan die Despatch Kunsfees. Spesiale vermelding gaan aan JC Vermaak (Gr. R) wat gekies is om tydens die Prestige-aand (19 Mei) sy voordrag te lewer. Tané Jv Vuuren, Anchen van Zyl, Juané Nel en Natasha Hitayezu se kunswerke / fotografie word ook tydens hierdie geleentheid ten toon gestel.

ALGEMEEN

Verlore klere: Dit is werklik kommerwekkend om te aanskou hoeveel ongemerkte kledingstukke daagliks by die skoolkantoor ingehandig word. Leerders “vergeet” hul klere en rapporteer dit dan as “gesteel” by die huis. U kan gerus ook die klerewinkel by die skool nader om te kyk of u “verlore” kledingstukke nie dalk tussen die “*lost and found*” is nie.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF